MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 17/2025 **27 November 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Welkom, o stille nag van vrede, onder die Suiderkruis, wyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis. Kersfees kom, Kersfees kom – gee aan God die eer. Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

Jannie du Toit

Mag ons almal geseën word met menige stil nag vol vrede gedurende die komende Kersgety. Ke Nako – die oomblik is hier om die positiewe energie van Kersfees en die somer te gebruik om Suid-Afrika in 2026 'n nóg beter plek te maak. Mag die negatiewe stemme en herinneringe vanuit 'n ou verlede onder ons suidersterre wegkwyn.

Die einde van die jaar noop ons om voorraadopname van die afgelope jaar te neem. Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat ons terugkyk na die Carpe Diem-oomblikke in 2025 wat deur beide onderwysers en leerders van Midstream College aangegryp is. Die A-bond-interhoëratletiek, die seëvierende swemspan, die eerste rugbyspan, die o. 16-hokkiemeisies as Noordvaal-wenners en die meisiesmuurbal- en -bergfietsspan wat beide op SA podium geëindig het, is enkele sporthoogtepunte. Die revue en die (p)Articipate gala-aand was van die vele lekkerkry kultuurmomente. Die graadkampe, en elfde Odyssey was die nagereg van die 2025-noenmaal.

Our rich and varied cultural heritage has a profound power to help build our nation.

Nelson Mandela

In Augustus was meer as 3 000 leerders van ons twee laerskole en die College vir die eerste keer saam op die Bondev-pawiljoen vir die eeufeesviering van Afrikaans as amptelike taal. Ons het aan die einde van die derde kwartaal op luisterryke wyse ons reënboogerfenis herdenk. Hierdie veeltalige, dans- en kultuurgeleentheid rondom Erfenisdag bly voorwaar een van die hoogtepunte op die Midstream-kalender. Mag ons geliefde land inspirasie put uit die positiewe energie van ons kinders.

'n Besondere saluut aan elke onderwyser, waarsonder niks hiervan moontlik sou wees nie. Julle het by verskeie geleenthede, ter wille van ons leerders, die kers aan beide kante laat brand. Met ongeëwenaarde passie en energie het julle 'n reuse-aandeel in waar Midstream College hom vandag bevind.

Ons sewentiende groep matrikulante het Woensdag hul laaste vraestel geskryf, en ons glo hulle uitslae gaan alle verwagtinge oortref. Die College se voornemende graadtwaalfs en prefekte met Lené en Paul aan die spits is reeds op galop, en volg in die diep voetspore wat Renate en Louis en die 2025-prefekkorps nagelaat het. Die 2026-leiers se geesdrif en entoesiasme voorspel eweneens baie hoogtepunte vir die nuwe jaar.

Dankie aan elke Midstream-ouer wat die College deur die dik én dun van 2025 ondersteun het. Dankie dat julle julle kinders aan ons toevertrou het. Dankie ook vir julle bydrae tot die uiters suksesvolle jaar. Ek glo die ure wat julle agter kinders aanry, langs sportvelde deurbring, in konsertsale sit, koffie aandra en hulle motiveer wanneer die akademie sy tol eis, vrugte sal afwerp.

Aan Riaan, Jan en Johan, die College se direkteure; dankie vir jul visie, volgehoue ondersteuning en betrokkenheid. ‘n Verdere dankwoord aan Armand, ons registrateur, wat saam met Qumi die finansiële boeke laat klop, hul tyd opoffer en onderskraging bied waar nodig.

Op die vooraand van die Desembervakansie en met Kersfees wat nader kruip, wil ek graag elke leerder, ouer en onderwyser ’n besondere geseënde Christusfees en ’n heerlike ontspanne vakansie toewens. Ek hoop julle het almal die geleentheid om kwaliteittyd saam met julle geliefdes te spandeer en kan vir eers bekommernisse opsy skuif. Mag ons almal ‘n geskenk van liefde en vrede tydens Kersfees ontvang, en mag dit ons gedurende 2026 dra.

SOLI DEO GLORIA